



TOULEIER



Ons leer alles van Sjinese tee

Hoofstuk 4 Deel 11

Mettertyd raak ons redelik gevestig en gemaklik met ons omgewing. Soseer dat ons familie en vriende begin uitnooi om te kom kuier. Eerste wat byt is kamermaatjie se broer Ernst wat kom kyk hoe ons outhou en lewe.

Dis Saterdag en ons besluit om sommer so kuier-kuier van Taipei af terug te keer. Wat drink die Sjinese? Tee! Ons eerste stop was tot by 'n teetuin of liewer teemuseum waar ons 'n volledige inleiding ontvang van hoe mens eintlik rêrig tee moet drink.

Daar word vertel presies watter deeltjie van die plant gepluk moet word en ook hoe sensitief die tyd van die dag is wanneer daar geoes word en teen watter kant van die berg die beste plante voorkom. Stelselmatig neem hulle ons deur die hele proses van seleksie van die soort tee, die soort potjie, die soort koppie, hoe lank dit moet trek, hoe dit geskink moet word. Wat elke kleur tee beteken, hoe oud elke tee is en wat dit kos.

Ons word tot 'n rol teeblore gewys wat geoes is nog voor Jan Van Riebeeck in die Kaap geland het. Ja, hulle rol hulle teeblore op baie dieselfde manier soos ons pruimtwak in die ou dae opgerol het. Baie duurder as 'n destydse daler, so ons proe toe maar aan 'n meer onlangse oesjaar en koop daarvan.

Op pad daarheen is ons by 'n affêre en gedoente verby wat al te veel na 'n basaar gelyk het en ry weer soontoe. Saam ondervind ons toe ook vir die eerste keer hoe so 'n Saterdagmark in Taiwan werk. Baie dieselfde as by ons.

Katvoet vir wat ons mag aangebied word, mik ons vir 'n stalletjie waar die mense mense toustaan vir iets wat half en half soos 'n draairoomys lyk. Soos die ry al nader kronkel aan die roomysmou sien ons uiteindelik waaraan hy so verbete bly skaaf met 'n handskaaf. Dis 'n vierkantige blok kraakgrondboontjies wat in gesmelte suiker vasgekook is.

Hierdie skaafsels skep hy met 'n streep oor 'n gewone pannekoek. Laastens kom daar sulke sneeuagtige roomys by alvorens hy dit oprol in waspapier en aan die voornemende en kwylende smulpape oorhandig. Hemels!

Toe ons uiteindelik by die huis aankom en begin afpak, wys Junie (Ernest) na die bromponie wat in die tuintjie staan. "En die?"

"Dis 'n tweedehandse een wat ons vir Annabelle aangeskaf het omdat die middedorp te ver is om in die hitte te voet te bereik," verduidelik ek.

Daar kom 'n vonkel in sy oë. "Mag sy ander mense lift?"

"Ja, en jy het nie eens 'n valhelm nodig nie!" las kamermaatjie met opwinding vinnig by.

Uiteinde van die saak is dat die twee dadelik die volgende Maandag terwyl ek gaan werk het, afgesit het middedorp toe met die bromponie. Presente koop. Soos ek reeds verduidelik het, is dit nie sommer vir net rustig ry en parkeer nie. Dit wemel van die motorfietse, bromponies en karre. Daar word ook aan die verkeerde kant van die pad gery. Dit maak om 'n sirkel gaan nogal 'n uitdaging.

Om als te vererger maak die Taiwanese nes die Amerikaners as dit by pakkies kom. Hulle draai als toe en verpak as wat jy as geskenk koop, in oormatig groot dose. Boonop was dit nog afslagtyd ook so die pakkies word al toe hoe meer.

Hoe daardie twee in een stuk by die huis gekom het met al daai pakkies wat Junie aan weerskante moes vashou, bly vir my steeds 'n raaisel.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit die Afrikaanse taalskatkis

Nederlandse en Afrikaanse woordeskat stem met ongeveer 70% ooreen, volgens [Dorothea van Zyl](#).

Maar net soos daar Afrikaanse woorde is wat uniek is, het Nederlands woordeskat wat vir skreeusnaakse misverstande kan sorg!

Die beleefde Afrikaanse gesegde "verskoon my" beteken in Nederlands "maak my skoon, ruil my doek om". Onthou jou maniere aan tafel!

"Afrikaanse" kunst, byvoorbeeld, verwys nie na die taal Afrikaans nie, maar na die kontinent Afrika.

"Beest" in Nederlands is 'n algemene woord vir 'n dier.

En hiermee nog:

Nederlands	Afrikaans
Fokker (O my aarde!)	Teler
Fokkerij	Stoetplaas/stoetery/telery
Poes (Oi!)	Wyfiekat
Paraplu	Sambreel
Knuffel	Drukkie
Kater	Babelas
Veranda	Stoep
Stoep	Sypaadjie
Brommer	Bromponie
Jurk	Rok
Rok	Romp
Aardig	Gaaf
Borrel	Skemerkelkie
Sinaasappel	Lemoen
Limoen	Lemmetjie
Citroen	Suurlemoen
Mus	Mossie
Vrolik	Olik
Baan	Werk/jop
Bloot/naakt	Kaal ("Kaal" in Nederlands beteken "kaalkop".)
Snoep	Lekkergoed (Dalk waar snoepie by die skool vandaan kom?)
Veel	Baie (afgelei van die Maleise woord "banyak")
Keuken	Kombuis ('n skeepswoord vir "keuken")
Amper	Net-net ("Ek het die trein amper gehaal" in Nederlands beteken dus jy <i>het</i> die trein gehaal. In Afrikaans het jy ongelukkig nie, maar amper!)
Redacteur	Joernalis/verslaggewer ('n "Hoofdredacteur" in Nederlands is 'n redakteur in Afrikaans, maw die baas van die plaas.)

Idiome uit ons trekgeskiedenis

'n Goeie klompie van ons idioome en uitdrukings kom sekerlik uit die Voortrekkertydperk, of minstens toe perde, osse en waens nog nie plek gemaak het vir die binnebrandenjin nie.

Die wa deur die drif trek.

Vyfde wiel aan die wa.

Voor op die wa wees.

Tou opgooi.

Dit gaan klopdisselboom.

Die verkeerde perd opsaal.

Kar voor die perde span.

Hand aan die ploeg slaan.

Die wa voor die perde span.

Hy het sy rieme styf-geloop.

Hy is pure perd.

Agteros kom ook in die kraal.

Briek aandraai.

Skouer aan die wiel sit

Ek meneer en jy meneer, wie sal dan die wa smeer. (altwee kan nie baas wees nie)


En 'n vuil ou is 'n teerputs of 'n lunsriem. Die riempie het die pen vasgehou wat die wiel in posisie gehou het. Vol ghries.

Jukskeibreker - dwarstrekkerig. Daar was baie in die Groot Trek ;-)

'n Regte voorslag wees (baie knap en arbeidsaam).

Giggels

Lawwe grappies, party is selfs snaaks!



TWEE KEER DIE FOUT MAAK?

Ek en die vrou het een lui Sondagoggend aan die ontbyttafel gesit.

Toe sê ek vir haar: "As ek dalk skielik sterf, moet jy al my goed verkoop."

"Nou hoekom moet ek so iets doen?" vra sy.

"Wel," sê ek, "ek skat jy sal weer trou, en ek wil nie hê 'n poephol moet my goed gebruik nie."

Waarop sy antwoord: "Wat laat jou dink ek sal weer met 'n poephol trou?"

WYN

Die egpaar sit op die stoep van hul huis terwyl die vrou 'n glas wyn drink.

Skielik sê die vrou: "Ek het jou lief."

Die man kyk op. "Is dit jy of die wyn wat nou praat?"

Sy antwoord: "Dis ek . . . ek praat met die wyn."

GEEN VERSKIL!

Daar word baie gespot en geterg oor ons verskille. Het jy geweet 'n vrou se "ek sal oor vyf minute reg wees" en 'n man se "ek is oor vyf minute tuis" beteken presies dieselfde?

SUINIG

In sommige Skotse restaurante maak hulle die messe warm sodat jy nie te veel botter gebruik nie.

Moenie 'n opinie oor Mozart uitspreek as jy nog nooit een van sy skilderye gesien het nie.

STORIE VAN DIE FEETJIE

'n Feetjie sê vir 'n getroude egpaar: "Omdat julle 35 jaar lank so voorbeeldig getroud was, kry julle elkeen 'n wens."

"Ek wil om die wêreld reis saam met my dierbare man," sê die vrou.

Die feetjie wuif haar staffie en skielik staan die vrou met die kaartjies en alles vir die reis in haar hand.

Toe is dit die man se beurt. "Die oomblik is baie romanties, maar so 'n geleentheid kom net een keer in 'n leeftyd. Jammer, my skat, maar ek wil 'n vrou hê wat 30 jaar jonger as ek is."

Voordat die geskokte vrou iets kan sê, swaai die feetjie haar towerstaf. Skielik staan die man daar, negentig jaar oud.

En die les:

MANS MAG BLIKSKOTTELS WEES, MAAR FEETJIES IS VROU IJK!

BAKLEI

As getroude mense baklei, is daar niemand wat albei kante van die argument hoor nie. Behalwe die bure.

SPYKERS

Blondie loop by die ysterwarewinkel in.

Blondie: "Ek wil spykers hê."

Verkoopsman: "Hoe lank wil jy hulle hê?"

Blondie: "Kan ek hulle nie maar vir altyd kry nie?"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die regte Van der Merwe

So kort voor die Tweede Wêreldoorlog besoek Van der Merwe Rusland en word deur die Russe gewerf as spioen. Tydens sy opleiding in die Kremlin vertel hulle hom hy sal in SA besoek word deur een van hulle eie mense en die wagwoord om mekaar uit te ken is: "Dit het darem lekker gereën in die Karoo, nè?"

Jare later sit 'n Russiese duikboot 'n man aan wal naby Dwarskersbos. Met sy lang reënjas en sy groot swart hoed werk die man weke lank te voet die binneland in tot in Merweville.

Hy gaan sit eenkant in die enigste kroeg en wag tot die laaste kliënt loop. Dan nader hy die kroegman.

"Ek is op soek na meneer Van der Merwe," fluister hy.

"Gits, Meneer, jy sal meer spesifiek moet wees," antwoord die kroegman.

"Daar is Vleis van der Merwe van die slaghuis en daar is Ghriespomp van der Merwe wat die garage besit," gaan hy aan. "Merweville is vrot van die Van der Merwes!"

"Om die waarheid te sê, ek self is 'n Van der Merwe, my naam is Dop."

Die Spioen leun vertrouelik nader en sê saggies: "Dit het darem lekker gereën in die Karoo, nè?"

"O! Jy soek vir Spy van der Merwe man!"

Krokodille gesels oor politici

Twee krokodille sit langs 'n moeras naby die meer en gesels.

Die kleiner een sê aan die grote: "Ons is dieselfde ouderdom en as kinders was ons ewe groot, maar nou is jy baie groter as ek. Hoe werk dit?"

"Wel," sê die grote, "wat eet jy?"

"Politici, nes jy," sê die kleintjie.

"Hmm. En waar vang jy hulle?"

"Aan die ander kant van die moeras, naby die ANC-parkeerplek by die Uniegebou."

"Dis waar ek ook opereer," sê die grote. "Maar hoe maak jy as jy hulle vang?"

"Wel, ek kruip onder hul BMW's in, gryp hulle aan die been as hulle uitklim, skud die bollie uit hulle uit en eet hulle."

"Aha!" sê die groot krokodil. "Dis waar jy die fout maak. Jy kry niks voedsaams in op daai manier nie, want teen die tyd dat jy al die bollie uit 'n ANC-politikus geskud het, bly daar net 'n poephol met 'n aktetas oor."



MENSE MET KINDERS WEET:

1. Die draaisiklus van 'n wasmasjien maak nie erdwurms dronk nie.
2. Dit maak wel katte dronk.
3. Dronk katte gooi twee keer hul liggaamsgewig op.
4. Daar is legostukkies wat deur die spysverteringstelsel beweeg.

SLEG VIR GESONDHEID

Rum en ys beskadig jou lewer.
Vodka en ys beskadig jou pankreas.
Brandewyn en ys beskadig jou brein.
Rietspiritus en ys beskadig jou sig.
Whiskey en ys beskadig jou beursie.
Jenewer en ys beskadig jou reputasie

Dit lyk my ys is blerrie gevaarlik!

JAN SE TREIN

Jan mis een oggend sy trein op pad werk toe. Hy het 'n baie kwaai baas. Uiteindelik gee hy die saak gewonne

"Trein gemis?" vra die man agter hom.

"Nee," sê Jan vererg. "Ek jaag hom elke oggend uit die stasie uit."

Die arme brein slaap nooit

Ons liggame is soos 'n heeal, die brein is soos die son, heeltyd aan die gang. Jy slaap, maar hy bly wakker. Hy doen dan admin. Haal agterstallige werk in. Terwyl jy lê, is hy besig:

"Hei Bloed! Waantoe gaan jy met daai klont? Bly weg hier, dis gevaarlik hierso man! Jy is nog bloedjonk!"

"Hei Cholesterol, vet weet! Kom mense, hy moet droom, bring 'n video, bring 'n video!"

En dan moet hy jou wakker kry. Maar voor hy jou wakker kry, moet hy eers al jou organe deurgaan, in nanosekondes, jy kom dit nie eers agter nie, want die brein doen dit vinnig.

"Goeiemôre oë, is julle daar?"

"Ja, ons sien uit na vandag."

"Mooi, linkeroor is jy daar, oor! Regteroor, kan jy my hoor, oor!"

"Oor hoor, oor!"

"Goeiemôre neus, ons hoor daar is 'n verkouetjie wat rondsluip, is dit waar?"

"Snot true!"

"Môre hart, my kollega, dit lyk na 'n lekker dag nè?" "Ja, dit-is, dit-is, dit-is, dit-is, dit-is"

"Môre lewer." "HALLOU!"

"Is jy oukei lewer?"

"Ja, ek sjal my beshte lewer!"

"Watse merke is daar op jou? Watse sere, dit lyk soos hale!?" "Ja, dis Essensiale!"

"Hallo Maag."

"Hallo, ek het al begin werk hoor!"

"Môre Anus" "Hallo tannie!"

"Wat's fout, Anus?" "Ag jy weet, ek hou nie van druk nie, hier het 'n drol hier aangekom..."

"Ontspan, Anus, jy gaan altyd so op hol met dinge!"

"Môre Voete, is julle daar?"

"Ja, ons is hier, gereed hoor!"

En so gaan dit aan, dag in en dag uit. So as jy tagtig of negentig haal is die brein al moeg gewerk en dan klink dit ietwat anders:

"Goeiemôre... Oë, Brein hier, is julle daar?" "Ja, ons volg jou blindelings."

"Linkeroor is jy daar?"

"Huh wat sê jy?"

Môre Hart, my kollega, dit lyk na 'n lekker dag nè?" "Ja, dit,dit,dit-is, dit-is, dit-issss, dit-is, dit-is"

"Foeitog!"

"Môre Lewer? ... Lewer is jy daar? O ja, ek sien hy is al afgelewer."

"Maag, is jy daar?"

"Ja, ek kan nie nou praat nie, ek het 'n gas, gaan paai liever vir Anus, hy is gatvol omdat ek deesdae so aanmekaar werk!"

FLINK VERTAAL

Die juffrou vra vir die klas om die volgende te vertaal: "Malema is swimming in the Vaal Dam."

Jannie skiet sy hand op en sê: "Daar's 'n drol in die drinkwater!"

IERSE OPLOSSING

Baie lande sukkel met die prys van olie. Dit wissel gedurig.

Die Iere het 'n briljante oplossing: Hulle het 50 miljoen ton sand by die Arabiere gekoop en gaan nou vir hul eie olie boor.

TWEE VERSKILLE

"Die inherente waarde van kapitalisme is die oneweredige verdeling van seëninge.

"Die inherente seën van sosialisme is die oneweredige verdeling van ellende.

-- Winston Churchill

Die enigste verskil tussen Jan Taks en 'n taksidermis is dat die taksidermis die vel aanlos.

-- Mark Twain

Duskantlander in Anderkantland



Aussies ly aan haawismanie

Die Suid-Afrikaner RAY THERON skryf uit Australië

Wat? Wat vir 'n ding is "haawismanie"? Dis nou my maaksel vir die Engelse uitdrukking "hi-vis mania" (high vision), oftewel 'n woord wat verwys na die maniese voorliefde vir die dra van daardie werksklere met die gloeiende kleure, gewoonlik neongroen of oranje of geel.

In my omswerwinge voordat ek hier aan die onderkant van die agterkant van die wêreld beland het, het ek nooit juis veel van dié werkklere te siene gehad nie. Miskien so hier en daar in die Asore en São Paulo en dalk in Lisabon (in Japan glad nie; hulle dra wit en swart werkspakke), maar nou nie juis so dikwels dat dit my by wyse van spreke in die bek geruk het nie. Maar hier...

'n Mens moet natuurlik onthou dat ons hier met 'n oppasserstaat te doene het. Die staat skryf voor hoe hoog jy op 'n leer mag klim voordat jy 'n valhelm, kniebeskermers en veiligheidstoue MOET gebruik (dis 180 cm, vir dié wat nie weet nie).

Die staat skryf ook voor dat, indien skoolkinders balle op die skool se dakke skop en die onderwysers nie oor die nodige leerklimopleidingsertifikate beskik nie, die gebruik van balle op die skoolterrein verbied moet word. Dis 'n staat waarin elke verlengsnoer verkoop moet word met 'n waarskuwingsetiket wat sê jy moenie die koord gebruik as dit nog opgerol is nie.

En so aan, *ad nauseum*, soos die Latyn dit sagkens stel.

Ewenwel, kort ná my aankoms in dié land sien ek een dag so 'n geel-groen gloeiing onder in die straat. Blyk toe 'n klomp werkers te wees wat 'n randsteen aan vervang was. Ses van hulle in hul haawis glorie, en die kant van die straat waar hulle werk vir 'n honderd meter met oranje padkeëls en rooi en wit gevaarlinte afgesper.

Gaaf, dog ek, dalk is dit omdat motorryers hier swaksiende is. Maar een Sondagmiddag 'n week of wat later ry so 'n dikkerd met 'n halfmeter lange bokbaardjie in sy Holden Commodore by my verby. Sondagmiddag, let wel, en die vrou en drie kniekopknaers saam met hom in die kar. In die sleepwaentjie 'n strandsambreel, 'n "Esky" (waarin sy bier koel gehou word) en vyf van daardie wit plastiekstoele.

Die spulletjie was duidelik op pad om te gaan piekniek hou. Maar pa-ding, glo my vry, het sy geel en blou haawistop aan, kompleet asof hy lorie bestuur!

Nou die dag stap ek in ons straat af, en daar is 'n outoppie en sy vrou aan't gras sny. Eintlik was sy besig met die elektriese grassnyer en hy het die koord vir haar onder beheer gehou. Die snaaksste was dat hy, haawistop, veiligheidsbril en helm en al, goed vier meter van die grassnyer af op die voorstoep was! Sedertdien het ek dieselfde ouballie al in sy voortuin sien onkruid uittrek, en weer met sy volledige veiligheidsmondering aan!

Nou wonder ek mos of 'n mens hier met 'n soort van omgekeerde snobisme te doene het. Dis kompleet asof die ou spulletjie reken die haawis-ding is 'n soort van statussimbool; asof dit hulle verhef bó die *hoi polloi* kantoorwerkers, verkoopsmense, dokters en ander wat nie handarbeiders of trokdrywers is nie. In hierdie land is enigiets moontlik...

Man se groot werkslading

In sy mediese ondersoek vra die dokter die pasiënt uit oor sy oefening.

"Op 'n gemiddelde dag loop ek so 20 km, steek 'n stroom of twee oor, kruip deur digte bosse en klouter met 'n pad vol klippe tot bo.

"Ek stop ook so 'n paar keer om agter 'n boom te piepie."

"Goeie aarde!" sê die dokter. "Dis indrukwekkend! Jy is seker 'n man wat baie lief is vir avonture in die buitlug?"

"Nie regtig nie, dokter. Ek is net 'n vrot gholfspeler."



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Vandeemaand se eerste vanne ontvang:

FOURIE riadeconing@telkomsa.net

Is op soek na my man en kinders.

Jacoba Johanna Fourie 21 Jun 1902 - 5 Sept 1903: *Anna Francina Magdalena Fourie 30

November 1904: *Johannes Fourie 13 Sept 1906 - 22 Maart 1972: *Elizabeth Magrietha

Sophia Fourie 21 Febr 1908 : *Zacharia Catharina Fourie 31 Okt 1909, *Jacobus

Welhelmus Fourie 7 Okt 1911 - 29 Mei 1942, *Louis Johannes Fourie 7 Des 1912 - 28 Jul

1913, *Louis Johannes Fourie 14 Aug 1914 - 19 Mei 1956, *Petrus Johannes

Bartholomeus Fourie 23 Junie 1917 - (55 jaar oud gewees), Frans Frederick Fourie 11

Aug 1919 - 29 Des 1919, *Frans Frederick Fourie 16 Jul 1921 - (was 53 jaar oud), *Jacoba

Johanna Maria Fourie 28 Junie 1924 Kinders:

*Elizabeth Magrietha Sophia de Coning getroude van Ries 13 Dec 1930 - 20 Augustus

2013

**Pieter Cornelius de Coning 15 APRIL 1936

***Louis Johannes (FOURIE) de Coning 7 Junie 1942

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Wysheid van die grysheid

SALLY was op pad huis toe ná een van haar sakebesoeke in Noord-Arizona toe sy 'n bejaarde Navajo-vrou langs die pad sien stap.

Sy het stilgehou en die vrou 'n geleentheid aangebied.

Met 'n stil, instemmende knik van die kop het die vrou ingeklim.

Sally het probeer om 'n geselsie aan te knoop, maar die vrou het net geswyg en alles in die kar in detail betrag. Toe sien sy 'n bruin papiersak op die sitplek langs Sally.

"Wat in sak?"

"O dit? Dis 'n bottel wyn wat ek vir my man gekry het."

Die Navajo-vrou het nog 'n rukkie geswyg, en toe met die stil wysheid van 'n bejaarde gesê: "Goeie ruil."

Wysheid van die grysheid

Wat bekendes oor kos te sê gehad het:

Kos is 'n belangrike bestanddeel van 'n gebalanseerde dieet.

-- *Fran Lebowitz*

Gesondheidskosse maak my siek.

-- *Calvin Trillin*

Kos laat my dink aan my Afrika-safari. Iemand het die kurktrekker vergeet, en ons moes dae lank net op kos en water oorleef.

-- *W. C. Fields*

Die muurbehangsel in restaurante is op dieselfde vlak as die kos in museums.

-- *Peter de Vries*

Deel van die geheim van sukses in die lewe is om te eet waarvan jy hou en die kosse dit in jou maag te laat uitbaklei.

-- *Mark Twain*

Vis is die enigste kos wat as bederf beskou word wanneer dit ruik soos wat dit is.

-- *P.J. O'Rourke*

GROOT VERRASSING

Die man en sy Engelse vrou is op hul wittebroodsnag in 'n duur hotel.

Vrou: "Love, I have to tell you something."

Man: "Praat maar, skat."

Vrou: "I used to be a hooker."

Man: "Ag dis oukei, my lief. Ons het almal maar ons geraamtes in die kas."

Vrou: "No, no, you don't understand."

"My parents named me Jacobus and I played for Western Province."

SIMSON SE VERLEIDSTER

Juffrou: "Wie het vir Simson verlei?"

Jannie: "Ek dink dit was 'n Steyn-meisietjie, Juffrou."

Juffrou: "'n Steyn-meisietjie?"

Jannie: "Ja, Juffrou. Ek dink haar naam was Phillis."

HULLE LUISTER!

As getroude mense baklei, is daar niemand wat albei kante van die argument hoor nie. Behalwe die bure.

KOOS-HULLE EET UIT

Koos en sy vrou eet in 'n deftige restaurant, maar die kos is vreeslik.

Vrou: "Ek het lank laas sulke kos in 'n restaurant geëet."

Koos: "Ja, ons kon maar net sowel by die huis geëet het."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Die resies

Ná die eerste rondte het die dunwiel se voorwiel langs die agterwiel van Koos se dikwiel fiets ingeskuif. Toe begin Koos ernstig trap.

Deur
QUINTON DU PLOOY

Hierdie storië speel af in die vroeë sestigs, voor die tyd van selfone en toe baie mense nog nie eens huistelefone gehad het nie. Die tyd toe dit nog die Roepmanne se verantwoordelikheid was om treinpersoneel betyds vir skofte te laat aanmeld. Dis 'n waaragtig-ware storie.

Dit was De Aar se beurt om die skoleatletiekbyeenkoms aan te bied.

Die byeenkoms was so min of meer klaar toe die man met die resiesfiets by die baan opdaag. Hy was propers soos 'n renjaer aangetrek, volledig met valhelm, bril op die helm, klere wat styf gepas het en 'n dunwiel fiets wat so lig was dat hy dit met sy pinkie kon optel. Wat hy vir die seuns gewys het. Ratte.

Twee skakerings van blou geverf. Sommige seuns het heeltemal van die atletiek vergeet en die fiets en ruiter oopbek bewonder.

"Gaan Oom om die baan ry?"

"Ná die atletiek. Ek kom ry elke dag hier." Sommige het hom herken as die nuwe man by die bank. Sommige het gesê hy kom van Johannesburg af. Mik na die Olimpiese spele, het sommige gefluister. "Maar ek soek 'n pacer. Iemand wat my 'n bietjie kan trek. Ek oefen hierdie week spoed".

Daar was van hulle met fietse, sommige met drophandles, sommige so gebuig dat dit na beeshorings gelyk het, maar hulle sou nie kraters van hulleself maak nie.

"Julle manne is mos lekker fit. Wil een julle my nie trek nie?" Die meeste het anderpad gekyk. "Twee rondtes om die baan sal genoeg wees. Vinnig. Om my iets te gee om te jaag". Toe kyk hulle ver. Daar was meisiekinders en hulle het reputasies gehad.

"Ek sal!" Die stem het van agter af gekom. "Maar hoe lank gaan dit vat? Ek het net vir 'n hot dog gekom. Eintlik nog aan diens".

Daar was van hulle wat gelag het. Koos Nel, roepman, was besig met 'n worsbroodjie, tamatiesous op sy kakiehemp. Kakiekortbroek, skeefgetrapte vellies en kort, grys kouse.

"Hel, Pel, sal jy?" Die man van Johannesburg het breed geglimlag. "Net so twee rondtes. Vinnig. So twee, drie minute."

Koos het sy *Coke* afgesluk. "Raait," so saam met die wind van die *Coke* se vinnig sluk. "Drie rondtes. Ek kan nie langer as 'n kwartier bly nie".

Die prysuitdeling was nog aan die gang toe Koos wegtrek, met die dunwiel agter hom aan. Ná die eerste rondte het die dunwiel se voorwiel langs die agterwiel van Koos se dikwiel fiets ingeskuif. Toe begin Koos ernstig trap, soos hy trap wanneer iemand anders geroep moet word omdat die drywer of die kondukteur skielik siek geword het. Sy hare het agteroor gewapper.

Ná die tweede rondte was hy een fietslengte voor. Ná die derde rondte het die Olimpiese kandidaat kop laat sak en hard begin trap, maar Koos het bly wegskuif. Ná rondte sewe was Koos 'n halfbaan voor en ná rondte nege het hy sy klokke begin lui om in die binnebaan in te kom.

Die aankondiger het sy aankondigings gestaak en, soos die mense op die skraal pawiljoen, vir Koos begin aanmoedig.

Die blou fiets het langs die verspringplek se saagselput gaan staan en die ruiter-in-blou het linksom gekantel en op die gras bly lê met sy arm oor sy oë. Koos het rondte tien voltooi en toe langs die pawiljoen ingetrek. Een voet op die grond, een voet op die pedaal, voorarm op die handles, voorkop op die arm, het hy bly staan.

'n Man het vir hom 'n tweeliter bottel koeldrank in die hand gestop. Almal wou bladskud, maar sy hande was waternat. Een van die boere het hom op die nat rug getik.

"Eina, Man! Demmit, dis seer." Koos het sy rug hol gemaak, kop gelig. "Sorry, oom Japie." Sy gesig was sweetnat.

Toe het hy weggetrek, die koeldrank in die een hand.

"Ek moet waai", het hy deur sy hortende asemteue uitgekry. "Ek moet negentien-af se mense loop roep."

Dié storie is die reine, reine waarheid. Julle kan die mense op De Aar, Britstown en Noupoot loop vra.

KAMMANUUS
verskyn weer op 23 September 2019